# Waaroor gaan Koninkrykstyd?

*Christus het nou geen liggaam meer nie,*
*behalwe joune.*
*Nie hande, nie voete het Hy meer op aarde nie,*
*behalwe joune.*
*Joune is die oë waarmee Hy barmhartig kyk na die aarde.*
*Joune is die voete waarmee Hy loop om goed te doen.*
*Joune is die hande waarmee Hy geheel die wêreld seën.*
*Joune is die hande.*
*Joune is die voete.*
*Joune is die oë.*
*Jy is sy liggaam.*

Hierdie woorde, wat eeue gelede deur die Spaanse mistikus Teresa van Avila geskryf is, vat op ’n manier saam waaroor dit in Koninkrykstyd gaan. Waar die eerste helfte van die kerklike jaar Jesus se aardse bediening volg (deur die seisoene van Advent, Kerstyd, Epifanie, Lydenstyd en Paastyd wat uitloop op Hemelvaart en Pinkster) gaan dit in die tweede helfte van die kerklike jaar oor die praktiese uitlewing van alles wat die eerste helfte van die kerklike jaar beteken het. Dit gaan oor hoe leef Christene in die wêreld. Hoe laat Christene iets van die koninkryk van God in die gewone lewe sigbaar word.

Koninkrykstyd, wat ook soms “Gewone Tyd” genoem word, is die laaste en langste seisoen van die kerklike jaar. Dit begin na Pinkstersondag en duur tot net voor die eerste Sondag van Advent, wanneer die volgende jaar begin. In 2023 begin dit dus op Maandag 29 Mei, en dit duur tot Saterdag 2 Desember.

Ons dink in koninkrykstyd daaraan dat Jesus sy dissipels uitgestuur het na die wêreld om sy Koninkryk uit te leef. Daarom is die **seilboot,** met die kruis as seil, ’n belangrike simbool. Ander simbole wat **evangelisasie, barmhartigheid en dissipelskap** uitbeeld sluit in ’n koringaar (die oes van mense wat aansluit by die kerk), ’n oop Bybel (die evangelie), ’n kroon (Jesus se heerskappy), en ’n driehoek of drie sirkels in mekaar geweef (die Triniteit). Ons verantwoordelikheid om die aarde te versorg asook geestelik te groei, is ook prominente temas in koninkrykstyd en daarom is die kleur groen simbolies vir Koninkrykstyd, sowel as ’n aardbol en ’n boom.

Koninkrykstyd dek 'n baie wye veld, maar 'n mens sou temas kon identifiseer waarvan sommige op spesifieke datums aktueel word. Party daarvan, soos Drie-eenheidsondag op die eerste Sondag van Koninkrykstyd, het in die kerklike geskiedenis deel van die kerklike jaar geword. Ander, soos die viering van die lente, kom uit ons omgewing.

Hier is 'n lys van temas wat aan spesifieke datums gekoppel kan word in Koninkrykstyd:
- Die aard van God (Drie-eenheidsondag, 4 Junie 2023)
- Ouerskap (Vadersdag, Sondag 18 Junie 2023)
- Die Woord van God (Bybelsondag, 27 Augustus 2023)
- God se skepping (Omgewingsondag, 3 September 2023)
- Nuwe lewe (Lentedag, 17 September)
- God se versorging deur die geskiedenis (Erfenisdag, 24 September)
- Ons Gereformeerde tradisie (Hervormingsondag, 29 Oktober)

Hier is 'n verdere lys van temas wat nie aan spesifieke datums gekoppel word nie, maar wat op enige tyd as deel van ons besinning oor die Christelike lewe aandag kan kry:
- Lewensritmes, soos die ritme van rus en werk.
- Die gawe om te gee.
- Die oorsteek van grense.
- Die hantering van teenspoed of verlies.
- Gebed.
- Nagmaal.
- Die doop.
- 'n Lewe wat heelmaak.
- Toekomsverwagting

Omdat Koninkrykstyd so 'n wye veld beslaan, is hierdie lysies nie volledig nie. Dikwels sal die praktyk van die lewe bepaal watter ander temas ook aktueel word.